# Spoorminerale: Rol in vrugbaarheid en produksie

Deur: Dr. Brian Kernick en Alheit du Toit, Feedtek

Moderne skaapboerdery stel hoë eise aan die vrugbaarheid van teeldiere. Winsgewendheid word in 'n groot mate bepaal deur die getal gesonde lammers gespeen, per ooi wat aangehou word. Voeding speel 'n sentrale rol in die handhawing van vrugbaarheid. Die voorsiening van voldoende proteïen en energie tydens paring, dragtigheid en laktasie, asook vir die uitgroei van jongooie, is noodsaaklik vir maksimale vrugbaarheid. Skape het egter ook 'n behoefte aan makrominerale, spoorminerale en vitamiene om doeltreffend te kan produseer en reproduseer.

## Rol van spoorminerale

Skape het onder meer sewe spoorminerale nodig, naamlik kobalt, koper, jodium, yster, mangaan, seleen en sink. Hierdie spoorminerale is van kritieke belang vir feitlik alle biochemiese prosesse en beïnvloed gevolglik die diere se gesondheid, produksie en reproduksie.

Ernstige tekorte aan spoorminerale, wat tot kliniese simptome lei, kom selde in die praktyk voor. Marginale of subkliniese tekorte kom egter meer gereeld voor en kan produksie en reproduksie ernstig benadeel (Tabel 1). Weidings, ruvoere en grane bevat oor die algemeen nie voldoende spoorminerale om aan veral reproduserende diere se behoeftes te voldoen nie. Aanvulling is dus noodsaaklik vir die behoud van vrugbaarheid.

## Komplekse interaksies

Die aanvulling van spoorminerale is egter ingewikkeld as gevolg van kompliserende faktore soos die beskikbaarheid van spoorminerale uit voerbronne, sowel as antagonistiese reaksies tussen verskillende spoorminerale en ander komponente van die voer, wat die beskikbaarheid en opneembaarheid van spoorminerale kan benadeel. Hoë vlakke swael, molibdeen of yster in die dieet kan byvoorbeeld die opneembaarheid van koper ernstig onderdruk. Koper en selenium, daarenteen, is egter toksies indien dit oormatig ingeneem word. Veral by skape word oortollige koper deur die lewer opgegaar totdat vlakke bereik word wat skadelik is en tot grootskaalse vrektes kan lei. Spoorminerale moet dus baie oordeelkundig aangevul word.

## Oordeelkundige aanvulling

Die geskikste wyse om spoorminerale deurlopend te gebruik as aanvulling tot natuurlike of aangeplante weidings, is om dit in te sluit as deel van gebalanseerde lekaanvullings. Die Feedtek-reeks makro-voormengsels vir die gerieflike tuismeng van voere en lekaanvullings maak voorsiening hiervoor. Vir diere op droë weiding kan Veld Grazer 128 (*Reg. no. V30941*), Veld Grazer 154 (*Reg. no. V16146*) of Econo Grazer 213 (*Reg. no. V30942*) gebruik word om volgens behoefte die korrekte tipe lekke te meng. Op groen veld of aangeplante weidings word die gebruik van Green Grazer 126 (*Reg. no. V16145*) in lekmengsels aanbeveel. Hierdie produkte bevat almal die volle reeks noodsaaklike spoorminerale teen die korrekte vlakke en in die regte verhoudings, tesame met die nodige makrominerale soos kalsium, fosfor, swael en magnesium.

Feedtek Trace Block (*Reg. no. V16339*) is gerieflik vir strategiese bykomstige aanvulling van spoorminerale. Trace Block bevat al die belangrikste spoorminerale, waarvan 'n gedeelte in hoogs biobeskikbare organiese vorm ingesluit is.

Gemeet teen die moontlike verliese wat verwag kan word weens verlaagde vrugbaarheid wanneer daar 'n tekort aan spoorminerale voorkom, kan die skaapboer nie bekostig om hierdie belangrike voedingstowwe te ignoreer nie.

**Tabel 1. Simptome van spoormineraaltekorte by skape**

| Spoormineraal | Tekortsimptome |
|---|---|
| Kobalt | Verlaagde melkproduksie, swak wolgroei, verlaagde besetting, lam mortaliteit |
| Koper | Verlaagde besetting, embrio-afsterwing, vassit van plasenta, verlaagde semengehalte, swak wolgehalte |
| Jodium | Lae besetting, aborsies, onderdrukking van estrus, stilgeboortes |
| Yster | Verlaagde besetting, aborsies |
| Mangaan | Onderdrukking van estrus, verlaagde besetting |
| Selenium | Aborsies, swak lammers, onderdrukking van estrus, vassit van plasenta, swak semengehalte, swak wolgroei |
| Sink | Vertraagde estrus, swak semengehalte, swak wolgroei |

Kontak u naaste Feedtek-verteenwoordiger vir voorbeelde van lekke en veevoer formulasies , of besoek ons webtuiste by **www.feedtek.co.za**, of stuur 'n epos na info@feedtek.co.za.


